

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

# Aanlyn kommunikasie met skop

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Voel jy dat jy dalk nog 'n ding of twee oor digitale bemarking kan leer?** Hierdie praktiese en interaktiewe aanlyn kortkursus verduidelik hoe digitale bemarking by tradisionele bemarking inskakel. Dit sal eienaars van klein- tot mediumgrootte sakeondernemings toerus met die vaardighede om doeltreffend te kommunikeer en nuwe kliënte te werf deur die verskeie digitale bemarkingskanale wat beskikbaar is, in te span. Tradisionele bemarkers sal insig kry in die oorbrugging tussen tradisionele en digitale bemarking.

## Waarop fokus hierdie kortkursus?

Die kortkursus bied 'n eersteklas inleiding tot die verkopetregter (ook bekend as die kopertregter) en die rol wat die verskillende bemarkingskanale kan speel in die verkoopsproses. Die aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, is gemik op diegene vir wie digitale bemarking nuut is en vir tradisionele bemarkers wat daaraan wil werk om doeltreffender aanlyn kommunikasievaardighede te ontwikkel.

**In hierdie kursus sal jy –**

- leer hoe belangrik die korrekte taalgebruik is om tot jou teikenmark te spreek
- 'n kliënteroete uitwerk vir 'n sleutelgehoor in jou spesifieke soort onderneming
- jou kliënteroete in 'n verkopetregter omskep en begelei word om 'n gestruktureerde raamwerk hiervoor te skep
- leer watter kanale van toepassing is om sigbaarheid aanlyn te bewerkstellig
- leer hoe om voornemende kliënte te lok om met jou onderneming, handelsmerk of produk wisselwerking te hê
- leer hoe om jou aanlyn gehoor in betalende kliënte of kopers te omskep
- leer hoe belangrik digitale bemarkingskanale is vir die bou van 'n volgehoue verhouding met jou kliënte, en
- beter verstaan watter meetinstrumente die beste is om te gebruik en te volg

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

## Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Ná die kursus sal jy 'n raamwerk hê vir jou digitale kommunikasiestrategie wat jy in meer detail vir jou onderneming kan ontwikkel. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie aanlyn kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Regstreekse aanlyn sessies** 14:00 tot 16:00 | **Sisteem openings- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 8, 15, 22, 29 Mei, 5, 12 Junie | 17 April tot 26 Junie | 17 April |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

## Die kursusfooi is R5 850 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.
- Kortkursusdeelnemers ontvang nie toegang tot Universiteitfasiliteite soos rekenaar-laboratoriums of die biblioteek nie.

**Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab**

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812